

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: "Watter soort mens is Hy / Jy?"

Skriflesing: Lukas 19:1-10

Lied 476

'n Vaste burg is onse God,
ons skuil in Hom, die sterke.
Hy is 'n vesting in die nood –
vir ewig staan sy werke.
Al kom die bese aan
in sy oorwinnaarswaan,
ons weet by al sy lis,
sy lot is reeds beslis –
God self stel aan hom perke.

Gord ons met eie krag ons aan
dan is die stryd verlore.
Oorwinning is alreeds behaal
deur Een daartoe verkore.
Vra u sy Naam, so weet
dat Hy die Christus heet;
gaan Hy voor in gevaar,
Heer van sy leërskaar,
nooit is die stryd verlore!

God hou sy woord altyd in stand,
geen mag kan dit laat wyk nie.
Hy hou ons veilig in sy hand,
sy trou sal nooit beswyk nie.
Al eis die Bese dan
hier alles wat hy kan,
dit bring hom geen gewin
ons gaan die hemel in,
hy roof ons nooit Gods ryk nie.

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor,
ubi caritas, Deus ibi est.*

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Broodjies vir die pad

"If you tell me Christian commitment is a kind of thing that has happened to you once and for all like some kind of spiritual plastic surgery, I say go to, go to, you're either pulling the wool over your own eyes or trying to pull it over mine. Every morning you should wake up in your bed and ask yourself: "Can I believe it all again today?" No, better still, don't ask it till after you've read The New York Times, till after you've studied that daily record of the world's brokenness and corruption, which should always stand side by side with your Bible. Then ask yourself if you can believe in the Gospel of Jesus Christ again for that particular day. If your answer's always Yes, then you probably don't know what believing means. At least five times out of ten the answer should be No because the No is as important as the Yes, maybe more so. The No is what proves you're human in case you should ever doubt it. And then if some morning the answer happens to be really Yes, it should be a Yes that's choked with confession and tears and. . . great laughter."

— Frederick Buechner

"Christians are hard to tolerate; I don't know how Jesus does it"

— Bono

"I am not sure exactly what heaven will be like, but I know that when we die and it comes time for God to judge us, He will not ask, 'How many good things have you done in your life?' rather He will ask, 'How much love did you put into what you did?'"

— Mother Teresa

"You don't understand, you fool!" says Yegor, looking dreamily up at the sky. "You've never understood what kind of person I am, nor will you in a million years... You just think I'm a mad person who has thrown his life away... Once the free spirit has taken hold of a man, there's no way of getting it out of him."

— Anton Chekhov, About Love and Other Stories

"there are people in the world who think only about themselves. They don't care what happens to other people so long as they get what they want. They put other people down to make themselves feel important. "Then there are people who do the opposite, who are able to imagine how others must feel, and make sure that they don't do things that hurt people. "So," she said, looking me squarely in the eye. "Which kind of person do you want to be?"

— Barack Obama, A Promised Land

"I don't know anything with certainty, but seeing the stars makes me dream."

— Vincent Van Gogh

"I know that man is capable of great deeds. But if he isn't capable of great emotion, well, he leaves me cold."

— Albert Camus, *The Plague*

"Don't you love Jesus?' Well, I thought an' I thought an' finally I says, 'No, I don't know nobody name' Jesus. I know a bunch of stories, but I only love people."

— John Steinbeck, *The Grapes of Wrath*

"Give us, O Lord, a steadfast heart, which no unworthy affection may drag downwards; give us an unconquered heart, which no tribulation can wear out; give us an upright heart, which no unworthy purpose may tempt aside. Bestow upon us also, O Lord our God, understanding to know you, diligence to seek you, wisdom to find you, and a faithfulness that may finally embrace you; through Jesus Christ our Lord."

— Thomas Aquinas

"Our task as image-bearing, God-loving, Christ-shaped, Spirit-filled Christians, following Christ and shaping our world, is to announce redemption to a world that has discovered its fallenness, to announce healing to a world that has discovered its brokenness, to proclaim love and trust to a world that knows only exploitation, fear and suspicion...The gospel of Jesus points us and indeed urges us to be at the leading edge of the whole culture, articulating in story and music and art and philosophy and education and poetry and politics and theology and even-- heaven help us--Biblical studies, a worldview that will mount the historically-rooted Christian challenge to both modernity and postmodernity, leading the way...with joy and humor and gentleness and good judgment and true wisdom. I believe if we face the question, "if not now, then when?" if we are grasped by this vision we may also hear the question, "if not us, then who?" And if the gospel of Jesus is not the key to this task, then what is?"

— N.T. Wright, *The Challenge of Jesus: Rediscovering Who Jesus Was and Is*

"And now brothers, I will ask you a terrible question, and God knows I ask it also of myself. Is the truth beyond all truths, beyond the stars, just this: that to live without him is the real death, that to die with him the only life?"

— Frederick Buechner, *The Magnificent Defeat*

"In me there is darkness,
But with You there is light;

I am lonely, but You do not leave me;

I am feeble in heart, but with You there is help;

I am restless, but with You there is peace.

In me there is bitterness, but with You there is patience;

I do not understand Your ways,

But You know the way for me."

"Lord Jesus Christ,

You were poor

And in distress, a captive and forsaken as I am.

You know all man's troubles;

You abide with me

When all men fail me;

You remember and seek me;

It is Your will that I should know You

And turn to You.

Lord, I hear Your call and follow;

Help me."

— Dietrich Bonhoeffer, *Letters and Papers from Prison*

"[P]eople need to use their intelligence to evaluate what they find to be true and untrue in the Bible. This is how we need to live life generally. Everything we hear and see we need to evaluate—whether the inspiring writings of the Bible or the inspiring writings of Shakespeare, Dostoevsky, or George Eliot, of Ghandi, Desmond Tutu, or the Dalai Lama."

— Bart D. Ehrman, *Jesus, Interrupted: Revealing the Hidden Contradictions in the Bible & Why We Don't Know About Them*

Brood vir die pad

Die lief en leed van 'n troudominee

Murray La Vita

Deur volharding en gebed het 'n arm kaalvoetseun van die Hantam 'n rolmodel en wêreldbürger geword.

So skryf dr. Willa Boezak, swaer van dr. Samuel Pick, in die voorwoord tot Pick se pas verskene outobiografie, *Die lewensreis van Samuel Pick, seun van die Hantam*.

Die onderhoud met Pick en sy vrou, Edna, vind op 'n Vrydagmiddag in hul geliefde Paarlse dubbelverdiepinghuis plaas, wat dekades gelede onder Pick se toesig en hande verrys het.

Pick is 'n sjarmante, wellewende en intelligente man met 'n heerlike sin vir humor. Die onderhoud begin by sy heimat, die dorp Calvinia.

"Daai klein, arm bruin gemeenskappie het meer as 120 onderwysers en ágt predikante opgelewer. Toe ek so 11, 12 jaar oud was, het ek gevoel ek wil eendag 'n predikant word. Daar was 'n tentdiens van die AEB, die Afrika Evangeliese Bond. In die middag was daar dienste en dan het ons kinders gegaan. En dié dag het ek oortuig gekom, maar hiér praat die Here met my. En dit was nooit weer weg van my af nie.

"Ek was 'n baie intelligente seuntjie. Ek het altyd onder die eerste drie gekom in my laerskoolklasse en my onderwysers was baie lief vir my ook omdat ek 'n baie gehoorsame seun was

. . . jammer om dit nou self te sê,” voeg hy met ’n verleë glimlag by.

“Een van my talente wat ek ontdek het, is dat ek baie goeie rugby speel. Sommer van die begin af toe ek op laerskool was, het ek vir die eerste span gespeel, want ek was gróót en lánk en stérk. Ek het dit saam met my geneem na hoërskool toe en tot in universiteit en in die kweekskool; en ek het toe later Boland nommer agt geword.”

Sy kinderjare was wesenlik gelukkig.

“My pa was ’n onderwyser en hy het hoofsaaklik op plaasskole onderwys gegee. Ons predikant was baie lief om die onderwys uit te brei en hy het op die plase skole gestig en my pa het by drie van daai skole onderwys gegee.”

‘Soos ’n heilige’

Pick en sy familie was lidmate van die NG Sendingkerk, wat later die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) geword het.

“Onse predikant was ’n man wat hands on was. Hy het sêlf gebou. Hy het kërke gebou, skóle gebou. Gert Uys was sy naam. En hy was ’n reuse-man met hierdie pragtige stem. Die bruin mense het hom bewonder. As hy gepreek het, het ons aan sy lippe gehang.

“En op ’n Sondag dan kom hy van die preekstoel af en dan loop hy tussen die banke deur en dan sing hy saam met die gemeente. En die jong mense het so aan sy toga gevat, amper asof hy ’n heilige is,” sê Pick met ’n vonkel in die oog.

“Hy was een van die beste predikers wat ek in my bediening teëgekóm het. Hy was vir my ’n rolmodel. Hy was ’n aantreklike man en hy was baie nederig. As gevolg van hóm het ons agt bruin seuns van Calvinia in die bediening gegaan.”

‘Verskriklik, maar deel van die lewe’

Pick beskryf ook in sy boek hoe dit was om onder apartheid te leef.

“Dit was verskriklik vir ons, maar ons het dit nie eens beséf nie, want dit was deel van die lewe. Die eerste ding wat ek ontdek het . . . In die dorp het ons nooit in die blanke-area beweeg nie; ons het net in die besigheidsdeel gekóm,” sê hy.

“In die poskantoor was daar ’n groot muur gebou en aan die een kant was die wittes. Die NG kerk het in die sentrale deel van die dorp gestaan en ons is nooit toegelaat om in daai kerk te kom nie. Die enigste bruin mense wat daar toegelaat is, is die mense wat die kerk skoongemaak het.

“Die kerk was vir ons die simbool van die nasionalisme en ook die apartheid. Toe ons die nuwe bedeling ingaan, het hulle nog die ou vlag gehang voor daai kerk vir ’n láng tyd. En die vreemdste van alles, daai straat waarin die kerk staan, was De la Rey-laan. Maar die nuwe plaaslike owerheid het die naam verander – daai kerk staan nou in Mandelarylaan.”

‘Nie meneer nie’

Die wit mans van die dorp wou nie as “meneer” aangespreek word nie.

“As jy een sou aanspreek as meneer, dan sê hy vir jou: ‘Ek is nie ’n meneer nie; ’n meneer is ’n h*tn*tspredikant.’ Ons moes vir ál die wit mans ‘baas’ sê en vir die wit vroue ‘nôï’. Die woord ‘meneer’ mag ons nooit gebruik het nie.

“Nadat my pa oorlede is, het my ma gaan werk as ’n huisbediende en ’n blanke seuntjie kom na haar toe en sê vir haar: ‘Aia Anna, het jy geweet die Here het die wit mense en

die bye gemaak en die duiwel het die vlieë en die h*tn*ts gemaak?’

“Daai is die soort van . . . By die winkels het ons by ’n gat gaan koop, ons kon nie by die winkel ingaan nie. So streng was die apartheid daai tyd.”

‘Nie ’n sent nie’

Daar was geen hoërskool vir bruin kinders op Calvinia nie. Die naaste hoërskole was in Wellington en Malmesbury.

“Ek is toe na die Schoonspruit Hoërskool in Malmesbury, waar ek by my tante ingewoon het. Sy het vir my nie ’n sent gevra nie.

“Ek het hárð gewerk. Ek het seker gemaak ek gaan nie daar sit nie. En ek het my matriek goed geslaag. En toe het ek reguit daarna kweekskool toe gegaan. Ek is eers vir ’n jaar toegelaat by die UWK, waar ek my admisseejaar gedoen het, en toe is ek na ons kweekskool in Wellington toe en daar het ek my studie voltooi – ek was 23 toe ek klaargemaak het.

“Ek was net ’n week by die UWK, toe sterwe my pa. Toe ek huis toe kom vir die begrafnis, toe sê my ma ek kan nie verder gaan nie; daar is nie geld nie.

“Weet jy wat gebeur? ’n Blanke vrou, mev. Hugo, hoor toe daarvan. Sy was die predikantsvrou van die NG kerk in Calvinia. Sy laat roep toe vir my en my ma en sê: ‘Ons sal vir jou kind betaal vir sy héle teologiese studie; ons vroue van ons kerk.’

“Die vroue het gebak en gebrou en goedjies gemaak om daai geldjies in te samel, en hulle het elke maand vir my geld gestuur vir my studies. Daai vrou . . . Ek is vandag nog met haar bevriend. Ek besoek haar; sy is in ’n ouetehuis in die Paarl.”

Met ’n permit na US

Die groot armoede wat Pick in Namakwaland aanskou het toe hy leraar in Springbok was, het ’n bepalende invloed op sy lewe gehad.

“Ek het besluit om nie in die teologie verder te studeer nie, maar onder meer in die sosiologie, want ek wou mense help. Toe besluit ek ek gaan sosiologie, sielkunde en maatskaplike werk studeer.”

Hy het voorgraads aan Unisa gestudeer en ’n honneurs en meestersgraad aan die Universiteit Stellenbosch en ’n doktorsgraad aan die Universiteit van Kaapstad behaal.

“Ek moes ’n permit kry om op Stellenbosch te studeer. Die voorwaardes van die permit was dat ek net klasse kon bywoon en die biblioteek gebruik, maar ek mag géén sosiale kontak met die ander studente hê nie.

“Ek is nie toegelaat om na hul kafeteria toe te gaan nie. Ek moes uit my klasse huis toe gaan of biblioteek toe. Maar die dosente het jou nooit laat voel jy is nie wit nie. Die studente was ook baie oop.

“Ek was toe predikant hier in Wellington en dan kom hulle Sondae na my dienste toe. So, ons het verby die apartheid geleef.”

‘Deure gaan oop’

Pick se eerste gemeente was in Springbok en sy laaste een in Newton, by Wellington, waar hy in April 2003 uitgetree het. Hy het toe ook uit sy pos by die Sinodale Kommissie van Diakonale Dienste getree, waar hy in Mei 1981 as sekretaris vir diakonale dienste begin het.

In daardie pos kon hy sy droom uitleef om mense te help en armoede te verlig – dít waarvoor hy hom in sy nagraadse studie bekwaam het. Sy opdrag was om die “vakkundige dienste” te hanteer. Dit het ingesluit talle instellings soos rehabilitasiesentrums, kinderhuise en tehuse.

Hy skryf: “Ek moes nuwe diakonaledienste-takke in gemeentes stig en die supervisie- en maatskaplike dienste beheer. Ek het nooit kon droom dat daar vir my as seun van die Hantam soveel deure sou oopgaan nie. My werk het my in kontak gebring met ’n groot verskeidenheid van mense; mense van ander lande, kulture, tale en lewensbeskouinge. Ek het wyd gereis en baie interessante ervarings gehad wat my lewensuitkyk en insigte verbreed het.”

’n Ander instelling waarby Pick betrokke was en waardeur hy insgelyks internasionaal gereis en gewerk het, is die International Federation for the Aged (IFA). Hy is in 1995 verkies tot die IFA se president vir Afrika.

Ook berading

Waarvoor Pick oor die jare heen veral bekend en gelief geword het, is as “troudominee”. Hy het al 670 paartjies getrou.

“Van my interessantste huwelike is mense soos Allan en Elna Boesak, en die sjef Reuben Riffel en Maryke Swanepoel. Ek het ook ’n man en ’n Russiese vrou getrou – sy kon nie ’n woord Afrikaans of Engels praat nie.

“Hulle bel my en sê daar is twee lugwardinne van British Airways wat wil kom trou in Franschoek. Dit was op een van daardie groot wynplase. Toe ons daar kom, was die hele crew daar.”

Pick, wat ook ’n geregistreerde maatskaplike werker is, het 30 jaar lank ’n praktyk as huweliks-, gesins- en egskeidingsberader bedryf. Hy het ook berading gedoen vir mense wat deur ’n rouproses gaan.

“Ek doen nou nog baie berading met mense voordat ek hulle in die huwelik bevestig. Dit is ’n verskriklike opwindende ervaring vir hierdie mense. Jy kan nie gló hoe hulle dit geniet as ek met hulle praat oor die eise van die huwelik nie . . . Wat verwag hulle? Wat moet gebeur? Geldsake, seks, kommunikasie in die huwelik – oor al daai dinge gee ek vir hulle berading.

“Die bekoring van ’n huwelik het nog nooit verander nie. Ek weet daar is baie mense wat saamwoon net as partners, maar in óns gemeenskap is daar gewéldig baie jong mense wat nog wil trou. Een meisie het vir my gevra: ‘Dominee, kan jy my asseblief in Engels trou?’ Ek vra: ‘Hoekom?’ Sy sê: ‘Ek wil so graag sê: I do.’” Hy lag uitbundig. “Sy het gedink dit klink meer romanties!”

‘Respek bo alles’

Hy praat oor waarom hy sy beradingspraktyk laat vaar het.

“Dinge het te ingewikkeld geraak met die tegnologie. Mense neem mekaar kaal af. Dit het my gesteur. Ek is nog van die ouer geslag.

“Daar was predikánte wat na my gekom het vir berading. Hulle het probleme in hul huwelike gehad en ek het vir hulle berading gegee.”

Respek tussen mense is uiters belangrik.

“Trouens, dit is vir my die belangrikste ding. ’n Mens sou nou dink liefde is eerste en dan kom respek, maar dit is nie waar nie. As julle respek het vir mekaar, dan gaan julle bymekaar

bly; julle gaan getrou aan mekaar wees; julle gaan mekaar ondersteun; julle gaan saam met mekaar ’n pad loop. So, respek is vir my die kruks van die hele huwelik en van ’n goeie en gesonde verhouding.

“Ek trou nog mense. Hierdie jaar het ek sewe paartjies getrou. Die grootste hoeveelheid mense wat ek trou, is mense wie se familieledede ek voorheen getrou het.

“Hulle kom na my toe dan sê hulle: ‘Dominee, jy het my ma en my pa getrou, kan jy nie vir my ook trou nie?’ Of: ‘Ek was by die troue van ’n niggie van my en ek het dit so geniet; kan Dominee nie vir my ook trou nie?’

“Ek adverteer my nie; die mense kom vanself. Dan doen ek nou die berading met hulle voordat ek hulle trou. Ek sê vir hulle: ‘Julle moet kom; ek moet met julle praat; ek moet vir julle raad gee.’

“As ek nou by die seksuele deel van die gesprek kom, dan is daai kinders so skaam, want baie van ons ouers praat nie met hul kinders nie.

“Dan sê ek: ‘Nee, dit is normaal dat die Here vir ons daardie natuur gegee het, maar ons moet ook weet hoe om dit te bestuur.’

“En ons moet weet hoe belangrik dit in die huwelik is. As ek berading gedoen het en ek vind die seksuele deel van die huwelik kom nie meer tot sy reg nie, dan moet jy weet daar is gróóte probleme met daai huwelik. Die basis van die huwelik is die intimiteit van die seksuele verhouding tussen ’n man en ’n vrou.”

’n ‘Kokerboom’

Met die onlangse bekendstelling van *Die lewensreis van Samuel Pick, seun van die Hantam* het Melody Pick, die jongste van die Picks se twee dogters, só oor haar pa geskryf:

“My pa is ’n lang, groot, stil, sagte, nederige mens wat almal wil help, nou nog. Hy sukkel tot vandag nog om nee te sê vir mense. Hy dien sy Here en sy gemeenskap elke dag . . . My pa is my kokerboom. Ons is van ’n plek waar ’n mens kan floreer met niks en ek is vir hom lief met my hele hart, my hele siel en my hele verstand.”

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/profiel/die-lief-en-leed-van-n-troudominee-20221025>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877